Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

---

## AANKONDIGINGS:

- Kom geniet 'n heerlike oggend van warmte, kuier en goeie geselskap by ons Sop, Sjerrie, Wyn en Brood op 31 Mei 2026 om 11:00. Bederf jouself met smaaklike sop, vars brood en ietsie besonders om saam te geniet. Dit is die perfekte geleentheid om familie en vriende saam te bring vir 'n gesellige tyd. Kaartjies is beskikbaar by die Kerkkantoor teen R100 per volwassene en R50 vir laerskoolkinders. Moenie uitmis nie – kom deel in die kuier en gemeenskap!
- Ons TOPS&TAGSforWheelchairs-projek groei van krag tot krag! Ons werk tans ywerig aan ons 13de rolstoel en het reeds 177 kg plastiek doppies (39%) en 9 kg broodtags (18%) ingesamel. Elke bydrae maak 'n werklike verskil en bring ons nader daaraan om nóg iemand se lewe makliker te maak. Help ons om hoop aan die rol te sit – bring jou doppies en tags en word deel van hierdie mooi gemeenskapsprojek!
- In 2026 toon die webtuiste van Gemeente Zuurfontein steeds indrukwekkende en groeiende digitale betrokkenheid met altesaam 72,810 besoeke – 'n

merkbare styging van 5,942 besoeke teenoor die vorige verslag van 66,868. Die meeste verkeer kom steeds uit Suid-Afrika (30,519), wat ’n sterk plaaslike ondersteuning bevestig. Daarna volg onbekende besoekers (20,012), terwyl die internasionale bereik verder uitbrei met betekenisvolle besoeke uit Indonesië (9,121) en die VSA (6,411). Ook lande soos Indië, Japan, Rusland, Vietnam, Oekraïne en Australië vorm deel van die gemeente se wêreldwye digitale voetspoor. Vietnam het toegetree as 'n nuwe Top 10 besoekende land. Hierdie statistiek getuig van volgehoue groei en bevestig dat Gemeente Zuurfontein se artikels, Bybelstudies en preke nie net plaaslik waarde toevoeg nie, maar mense oor landsgrense heen bereik, bemoedig en bedien.

- Hartlik Geluk aan almal wat hierdie week verjaar! Maandag 27 April verjaar Lillia van Huyssteen. Vrydag 1 Mei tannie Marlene Huyzers en Thalia Janse van Rensburg. Ons dank die Here vir al hierdie genade en wens julle net die mooiste en gesondste dae vorentoe.

- Kom besoek ons Snuffel Mark op Saterdag 9 Mei van 9:00 tot 14:00 en ondersteun 'n betekenisvolle projek van die Vrouebediening. Die doel is om fondse in te samel vir die herstel en onderhoud van ons kerkgebou. Jy kan betrokke raak deur voorbidding te doen, 'n stalletjie teen R200 te huur, of 'n hand by te sit by die kosstalletjie. Skakel gerus vir Elizabeth by 0828705868 om jou betrokkenheid te bespreek. Ons sien daarna uit om jou daar te verwelkom!
- Goeiemôre aan die Baby Boomers (gebore: 1946-1964) van Zuurfontein Gemeente. Ons sien met groot opgewondenheid uit daarna om jou te verwelkom by ons Koffie & Gesels op Sondag 17 Mei 2026 om 16:00 by die Kerkgebou.

  Daar is reeds 'n heerlike kuierlysie aan die groei, en ons hoop jy sal ook deel wees van hierdie besondere ontmoeting. Ons begin stiptelik om 16:00 met koffie en iets lekkers vir die kies. Daarna gesels ons saam oor "Kerkwees vir vandag" – hoe ons as gemeente relevant, warm en betekenisvol kan leef en dien in ons tyd.

Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

---

As lid van die Baby Boomers-generasie dra jy 'n skat van ervaring, wysheid en geloofsverhale. Daarom wil ons graag na jou gedagtes luister en saam droom oor die pad vorentoe vir Zuurfontein Gemeente. Jou stem en bydrae is vir ons baie kosbaar.

Kom geniet 'n ontspanne middag van koffie, gesprek en geloofsgemeenskap. Bring jou glimlag, jou herinneringe en jou idees saam.

Ons sien baie daarna uit om saam met jou te kuier!

Bevestig asseblief jou bywoning of maak verskoning.

- Jy word hartlik uitgenooi na ons Koffie gesprek vir lidmate wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Hierdie is 'n veilige en rustige geleentheid waar ons saam kan kuier, luister, bemoedig en mekaar dra.

  📍 Woensdag 20 Mei 2026

  ⏰ 10:15

  By die pastorie

  Ons tema vir die oggend is: "Mense sê jy moet net sterk wees."

---

Baie mense hoor hierdie woorde, maar weet hoe swaar dit soms voel. Daarom wil ons saam gesels oor verlies, seer, hoop en die pad vorentoe.

Daar sal koffie, ’n warm ontvangs en ruimte vir eerlike gesprek wees. Jy hoef niks te sê as jy nie wil nie – jou teenwoordigheid alleen is genoeg.

☕ Belangrik: Daar is slegs plek vir agt persone, daarom vra ons dat jy asseblief so gou moontlik jou naam opgee om jou plek te verseker.

📞 Bespreek jou plek by dr Hannes Janse van Rensburg.

Ons sien daarna uit om hierdie besondere tyd saam met jou te deel.

## LIEF & LEED:

- 

## KLOK:

Gemeente van die Here, die klok lui en roep ons uit die geraas van die wêreld na die stilte van God se teenwoordigheid. Laat ons harte stil word en ons

gedagtes tot rus kom, sodat ons emosioneel en geestelik voorbereid kan wees vir hierdie ontmoeting met die Lewende Here. Vandag steek ons vier kerse aan as teken van die vierde week van die Opstandingstyd – 'n herinnering dat die lig van Christus steeds helder skyn, dat die graf leeg is, en dat hoop, vrede, vreugde en nuwe lewe ons deel geword het. Laat ons met oop harte en dankbare gees saamwees.

## TOETREDE:

Ons begin, terwyl ons bly sit, met die sing van Gesang 247 x 2. Dan staan ons vir die votum en seëngroet van die Here. Hierna kan ons weer ons plekke inneem.

## Gesang 247 x 2 ~ Heer, wees ons genadig

## VOTUM:

God bevestig in sy Woord: Dit gaan goed met die mens wat sy hulp van die God van Jacob ontvang, die mens wie se hoop gevestig is op die Here, sy God.

Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

## SEËN:

Gelukkig en bevoorreg is mense wat vir ander in nood omgee, want God sal weer vir hulle in hulle nood omgee (Matteus 5:7, 2022).

## VOORLESER:

## TOEWYDING:

Ons wy opnuut ons lewens aan die Here toe. Ons doen dit met die sing van Gesang 306: 1-6. Ons bly net so sit.

## Gesang 306: 1-5 ~ U, Christus, is my lewe.

## WET:

Ons moet ons lewens as lewende offers aan God gee. Gebed is een van die belangrikste offers wat ons aan mekaar kan gee. Die kerk moet vir almal bid. Ons het 'n groot verantwoordelikheid om vir mekaar te bid. Niemand is vrygespreek van gebed nie. In 1 Timoteus 2: 1-6 skryf Paulus ook hieroor, lees saam met my …

Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

---

1 Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met
smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word
vir alle mense, 2 vir dié wat regeer en vir almal wat gesag
uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in
volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. 3 So
is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, 4 wat wil
hê dat alle mense gered word en tot kennis van die
waarheid kom. 5 Daar is immers net een God, en daar is
net een Middelaar tussen God en die mense, die mens
Christus Jesus 6 wat Homself as 'n losprys vir almal gegee
het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die
bedoeling van God.

## GEBED:

Kom ons bid saam, Gesang 266

## GENADEVERKONDIGING:

God verseker ons dat Hy ons vryspreek, wanneer ons in sy Woord lees: "Almal het gesondig en is ver van God af, maar ons word, sonder dat ons dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek, vanweë die verlossing in Jesus Christus." Laat ons nou ons geloof in God sò bely:

Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

## GELOOFSBELYDENIS:

Ek glo in God die Vader - die Almagtige Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus - Sy eniggebore Seun - ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees - gebore is uit die maagd Maria - wat gely het onder Pontius Pilatus - gekruisig is - gesterwe en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel - en sit aan die regterhand van God - die almagtige Vader - van waar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.
AMEN.

Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

---

## LITURG:

Wanneer ons vandag uit 2 Korintiërs lees, hoor ons die stem van 'n herder wat sy gemeente liefhet, maar ook diep seergemaak is. Hierdie brief is, net soos 1 Korintiërs, geskryf deur Paulus, waarskynlik rondom die jaar 55 of 56 n.C. Hy skryf waarskynlik vanuit Masedonië nadat hy goeie nuus van Titus ontvang het oor die gemeente in Korinthe. Tog is daar steeds spanning tussen Paulus en sommige lidmate, veral oor sy gesag as apostel.

Korinthe self was steeds 'n bruisende handelstad in die Romeinse Ryk. Dit was 'n plek waar mense uit verskillende wêrelddele ontmoet het, waar handel gefloreer het en waar geld en status baie beteken het. In so 'n stad was aanbevelingsbriewe, openbare aansien en indrukwekkende prestasie baie belangrik. As jy iemand was, moes jy dit kon bewys. Mense het dikwels met briewe van aanbeveling gereis om hulle geloofwaardigheid en invloed te bewys.

Teen hierdie agtergrond kry Paulus se woorde besondere betekenis. Hy vra: Het ons aanbevelingsbriewe nodig? Moet ons onsself weer bewys? En dan antwoord hy verrassend: Julle self is ons brief, geskryf op ons harte, gelees deur alle mense. Die gemeente se bestaan en geloof is die bewys van God se werk deur sy bediening.

Paulus gaan verder en gebruik die pragtige beeld van die ou en nuwe verbond. Nie letters op kliptafels nie, maar die Gees van God wat op menseharte skryf.

Hierdie gedeelte spreek ook vandag tot ons. In ’n wêreld waar mense hul waarde meet aan geld, prestasie, CV’s en erkenning. Dié brief herinner ons daaraan dat God se grootste getuienis nie op papier geskryf word nie, maar in menselewens.

Kom ons maak nou ons Bybels oop om uit hierdie brief van Paulus aan die Korintiërs te lees.

Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

---

## SKRIFLESING: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983

1Begin ons weer onsself aanprys? Of het ons miskien,
soos party ander mense, aanbevelingsbriewe aan julle of
van julle nodig? 2Julle is self ons aanbevelingsbrief,
geskryf op ons harte, vir almal om te lees en te verstaan.
3Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is, deur
ons diens geskrywe, nie met ink nie, maar met die Gees
van die lewende God, nie op klip nie, maar op die harte
van mense.

4Ons sê dit omdat ons deur Christus ten volle op God
vertrou. 5Uit onsself is ons nie in staat om iets te bedink
asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van
God, 6wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van
'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van
die Gees. Die letter maak dood, die Gees maak lewend.

## PREEK:

Hoe bewys ’n mens dat jy eg is? Hoe wys jy dat jy betroubaar is? Hoe bewys jy dat jy goed genoeg is? In

ons tyd leef ons tussen sertifikate, diplomas, grade, verwysings en aanbevelingsbriewe. Wanneer jy werk soek, vra hulle jou CV. Wanneer jy aansoek doen vir ’n posisie, wil mense weet wat jou kwalifikasies is. Wanneer iemand onbekend is, vra ons: Wie stuur hom? Wie staan agter haar? Wie kan getuig dat hierdie persoon eg en geloofwaardig is?

Dit is nie net ’n moderne verskynsel nie. In die stad Korinthe, in Paulus se tyd, was dit ook so. Korinthe was ’n stad van geld, aansien, status en vertoon. Dit was ’n plek waar mense mekaar maklik gemeet het aan voorkoms, vermoë en invloed. In so ’n wêreld was aanbevelingsbriewe baie belangrik. As iemand gekom het met ’n brief van ’n bekende leier of ’n invloedryke groep, het mense geluister. As iemand goed kon praat en selfversekerd opgetree het, het mense beïndruk geluister.

Teen hierdie agtergrond moes Paul baie kritiek verduur. Daar was mense wat twee klagtes teen hom ingebring

het. Eerstens het hulle gesê: Paulus prys homself aan. Hy praat te veel oor sy eie bediening en diens. Hy verdedig homself voortdurend. Tweedens het hulle gesê: Paulus het geen aanbevelingsbrief nie. Waar is die dokumente wat sy gesag bevestig? Wie het hom gestuur? Waarom moet ons na hom luister? Waarom moet ons glo wat hy sê?

Dit klink tog te bekend. Vandag nog word mense maklik beoordeel op grond van hulle profiel, hulle titel of hulle aansien. Maar Paulus antwoord op ’n manier wat niemand verwag het nie. Hy sê: “Julle is ons brief.” Hy wys nie ’n dokument nie. Hy haal nie sertifikate uit nie. Hy wys na die mense in die gemeente self. Julle keuse vir ‘n Christelike lewenswandel is my aanbevelingsbrief. Julle geloof is die bewys dat God deur my gewerk het.

As ons eerlik is, moes Paulus eintlik geen verdere bewys nodig gehad het nie. Sy hele lewe ná sy bekering was reeds ’n getuienis. Hierdie man was eens ’n vervolger van die kerk. Hy het Christene opgespoor, vervolg en laat

arresteer. Maar op die pad na Damaskus ontmoet hy die opgestane Here Jesus Christus. In een oomblik verander sy lewe radikaal. Die man wat wou vernietig, begin nou bou. Die man wat wou stilmaak, begin nou verkondig. Die vyand van die kerk word die dienaar van Christus.

Van daardie dag af reis Paulus oor land en see. Hy verkondig die evangelie in dorpe, stede en die landelike gebied. Hy plant gemeentes. Hy dien mense. Hy ly vervolging, steniging, gevangenisskap, honger en verwerping. Hy dra littekens aan sy liggaam en smart in sy hart. Waarom sou iemand so leef vir iets wat vals is? Waarom sou iemand soveel opoffer vir eie eer? Paulus se littekens was sy graad. Sy trane was sy aanbevelingsbrief. Sy volharding was sy getuienis.

Maar Korinthe het maklik na ander dinge gekyk. Hulle het gekyk na mense met mooi woorde, sterk persoonlikhede en indrukwekkende papiere. Hulle het gekyk na uiterlike glans eerder as innerlike waarheid. Daarom herinner

Paulus hulle aan iets baie belangriker. Hy sê nie net: Julle is my brief nie. Hy sê: Julle is ’n brief van Christus.

Dit is die hart van hierdie teks. Gelowiges is Christus se brief aan die wêreld. ’n Brief dra immers ’n boodskap van die sender. As Christus die Sender is, dan moet mense iets van Hom lees wanneer hulle na sy kerk kyk (na ons kyk). Wanneer hulle na Christene kyk, moet hulle sy liefde, sy waarheid, sy genade en sy heiligheid raaklees.

Die vraag is dus: Wat lees mense wanneer hulle ons sien?

Lees hulle liefde of liefdeloosheid? Lees hulle vrede of twis? Lees hulle nederigheid of trots? Lees hulle vergifnis of bitterheid? Lees hulle hoop of wanhoop? Lees hulle Jesus – of net onsself?

Vir die gemeente in Korinthe was dit ’n baie ernstige vraag. Hierdie gemeente was immers vol spanning en verdeeldheid. Daar was jaloesie, stryery en partyskappe.

Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

---

Mense het hulleself aan verskillende leiers verbind. Sommige het gesê: Ek behoort aan Paulus. Ander: Ek aan Apollos. Nog ander het hulself bo ander geag. Hoe kon die wêreld Christus lees as die brief self vol skeure was?

Paulus gaan verder en sê dat hierdie brief nie met ink geskryf is nie, maar met die Gees van die lewende God. Nie op kliptafels nie, maar op harte van vlees. Daarmee wys hy dat die Christelike geloof nie net uit uiterlike vorms bestaan nie. Dit gaan nie bloot oor reëls, tradisies en godsdiensgewoontes nie. Dit gaan oor harte wat verander word. Harte wat gehoorsaam aan die wil van God klop.

Die wêreld het reeds genoeg mense gesien wat godsdienstig lyk maar harde harte het. Genoeg mense wat mooi praat maar anders leef. Genoeg mense wat die regte woorde ken maar die verkeerde gees uitdra. Maar wanneer die Heilige Gees in ’n mens werk, gebeur iets nuuts. Hardheid word sagtheid. Selfsug word

diensbaarheid. Bitterheid word vergifnis. Angs word vrede. Hoogmoed word nederigheid. Dan begin Christus se handskrif sigbaar word in 'n mens se lewe.

Gemeente, dit bring hierdie teks baie naby aan ons vandag. Die mense rondom ons lees dalk nooit die Bybel nie. Hulle kom dalk nooit in die kerk nie. Hulle luister dalk nooit na 'n preek nie. Maar hulle lees ons.

Jou kinders lees jou. Jou kleinkinders lees jou. Jou bure lees jou. Jou kollegas lees jou. Die kassier in die winkel lees jou. Die mense wat saam met jou werk, lees jou. Die mense wat jou op straat ontmoet, lees jou.

Wat lees hulle?

Wanneer dinge skeefloop, wat lees hulle? Wanneer jy gekritiseer word, wat lees hulle? Wanneer iemand jou seermaak, wat lees hulle? Wanneer jy oor ander praat, wat lees hulle? Wanneer jy iemand in nood sien, wat lees hulle? Wanneer jy met jou geld omgaan, wat lees hulle?

Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

---

Ons dink soms ons getuienis lê net in groot woorde of groot dade. Maar dikwels lê dit in klein dinge. ’n Vriendelike woord. Geduld met iemand wat sukkel. Stil getrouheid in moeilike tye. Eerlikheid wanneer niemand kyk nie. Vergifnis wanneer jy die reg het om kwaad te bly. Dít is sinne in Christus se brief.

Paulus sluit af deur te sê dat ons bekwaamheid van God kom. Hoe troosryk is dit nie! Ons hoef nie onsself te bewys nie. Ons hoef nie almal te beïndruk nie. Ons hoef nie ons eie naam groot te maak nie. God maak bekwaam. God roep. God stuur. God gebruik gewone mense.

Miskien voel jy vandag onbekwaam. Jy voel dalk jy weet te min, bid te swak, struikel te veel, het te min geld of dra te veel seer. Maar Paulus sê: Ons bekwaamheid kom van God. As God sy Gees in jou hart werk, kan Hy jou gebruik. Hy gebruik nie net sterk mense nie. Hy gebruik beskikbare mense. Hy gebruik nie net indrukwekkende mense nie. Hy gebruik gewillige mense.

Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

---

Gemeente, die wêreld wag nie nog net vir mooier argumente nie. Die wêreld wag vir geloofwaardige getuies. Nie net mense met woorde nie, maar mense met lewens waarin Christus sigbaar is.

Jou huis is 'n posbus. Jou werkplek is 'n posbus. Jou straat is 'n posbus. Hierdie gemeente is 'n posbus. Elke dag word daar iets afgelewer. Die vraag is net: Watter brief ontvang die wêreld van ons?

Mag hulle nie ons trots lees nie, maar sy nederigheid. Nie ons selfbelang nie, maar sy liefde. Nie ons bitterheid nie, maar sy genade. Nie ons naam nie, maar Jesus s'n.

Laat ons vandag bid dat die Heilige Gees weer op ons harte sal skryf. Dat Christus se brief in ons duidelik sal wees. En dat wanneer mense ons lees, hulle vir Jesus sal ontmoet.
Amen.

Tekste: 1 Timoteus 2: 1-6, 1983.
Fokus teks: 2 Korintiërs 3: 1-6, 1983.
Liedere: Gesang 247 x 2; Gesang 306: 1-5; Gesang 266; VONKK 303: 1-3; Gesang 582: 1-4.

## SLOTSANG: VONKK 303: 1-3 ~ Hoor die blye tyding.

## SEËN:

Geloof is om te bly hoop op dié God wat medelye het met hulpelose mense. Dié God is nou by ons en verseker ons dat “Hy ons seën en van alle kante beskerm, dat Hy ons gebede verhoor en vir ons vrede gee”. AMEN.

## WEGSENDING: Gesang 582: 1-4 ~ Bly by my, Heer, terwyl die skemer daal